


# Die Rietfluit

## DESEMBER 2013

Jesus het met Sy geboorte en koms na hierdie wêreld eiehandig die geskiedenis kom oorskryf. Daarom is kersfees 'n tyd van hoop en lewensverandering! Hy ons Verlosser leef en wil ook hierdie kersfees en nuwe jaar hoop gee en lewens verander.

Mag die lewende Christus wat die pad van die krip, die kruis en die leë graf geloop het, hierdie feestyd jou vrede wees. Mag Hy ook vir jou vreugde wees en mag Hy vir jou moed en hoop gee vir 2014.
In 2014 gaan ons feesvier want die gemeente is 60 jaar oud!
Mag Hy deur jou en my hoop bring vir ander sonder hoop!
*Ons is opreg dankbaar vir elke lidmaat wat gedurende 2013 hard gewerk het om saam die koninkryk van ons Heer te bevorder. Dankie vir elkeen wat positief in die gemeente gedien het en gehelp het om 'n verskil te maak in ander se lewens! Dankie vir julle wat getrou eredienste bygewoon het en wie se hart en hand vir die Here oop is. Hy sal jul beloon!*
*Ons sien uit om saam met julle in 2014 te jubel en fees te vier vir die 60 jaar van Sy troue liefde en sorg.*

*Namens: leraargesinne en kerkraad*

### DATUMS VAN BELANG



- **4 Des:** Skole sluit
- **16 Des:** Geloftediens @ 8:00 (Ds. Tait)
- **25 Des:** Kersdiens @ 8:00 (Ds. V Heerden)
- **31 Des:** Oujaarsdiens @18:00 (Ds. V Heerden)

Leraars aandiensdatums: 1 Des - Ds. Dirk van Zyl, 8 Des - Ds. L. Tait, 15 Des - Ds. L. Tait, 22 Des - Ds. L v Heerden en 29 Des - Ds. L v Heerden.

**Geen aanddienste gedurende die skoolvakansie nie.**

**Begrafnisse:** Kontak eerste Leraar aandiens, dan vir koster en orrelis. Vir die kerkkantoor kan u vir Elna skakel op 082 873 1184.

# SOMERKERSFEESTYD

Somerkersfeestyd is inkopie tyd. Dis omtrent net geskenke, kos en lekkernye wat aangekoop word. Maar dan onderbreek iemand wat op die randkant van die lewe skielik jou beplanning met 'n versoek: *"Meneer, net 'n stukkie brood, asseblief!"*

*"Die mense jaag my weg as ek brood vra,"* gaan hy voort. *"Hulle sê ek moet die regering loop vra. Of ek moet ophou lui wees en begin werk soos hulle." "Wat antwoord jy hulle dan?"* vra ek onverwags. *"Vroeër het ek nog vertel dat ek 'n werk gehad het, met 'n vrou en 'n kind. Toe word ek afgedank. En toe los my vrou my vir 'n ander man. Ek het alles verloor. Maar deesdae sê ek niks as mense my wegjaag nie. Niemand glo my nie. Ek is regtig honger. Kan ek nie meneer se kar was vir R5 nie?"*

Toe begryp ek dat hierdie persoon my pad gekruis het om my eie gemaklike lewensritme te versteur. Want die lewe is nie net blink pakkies en feesklappers nie. Dis ook bedelaars, hongeriges en eensames.

Daarom dat ek opnuut skaam kry oor my eie ongeduld met diegene wat lankal die handdoek ingegooi het. Elke mens is uniek, ook hierdie man wat vir 'n wyle voor my gestaan het en wat sy selfrespek lankal verloor het.

Die beste Kersfeesnuus is dat Christus ook vir mense gekom het wat aan die donkerkant van die lewe tent opgeslaan het. En dat Sy hart week word as hulle nie in hierdie tyd 'n stukkie lekker kos op hulle tafel het nie. Om nie eens van gewone brood te praat nie. Daarom dat die Here vra dat jy en ek uit ons pad sal gaan om ruim porsies feeskos weg te gee aan hulle wat nie hierdie luukse ken nie.

**Ek bid**

Heer Jesus, terwyl my spense vol is, is daar ander wat nie so gelukkig is nie
Vandag is daar mense wat honger en alleen is
My hart gaan voor U uit na mense wat hulle trots en selfrespek lankal reeds verloor het
Maak my oë oop vir mense vir wie ek 'n naaste moet wees
Leer my om uit die pad te gaan vir hulle
Leer my om af te draai van die lewe se hoofpaaie af as dit moet
Laat U vrygewigheid deur my lewe spoel
Amen

***Kom ons wees hierdie Kerstyd vrygewig soos nog nooit tevore!***



***Groete***

***1 Kor 3:9 - Jou medewerker in diens van God Drie-enig***

***Leon Tait***